**9 Februarie** **Skrifgedeelte: Eksodus 24:9-18**
**Fokusgedeelte: Eksodus 24:16a**

**Die almagtige God maak van mense sy vriende**

Wie kan die grootheid en mag van God bepaal? Dié wat bevoorreg is om al meer van die skepping te ontdek, besef hulle ken maar net 'n fraksie van God se heerlikheid en almag.

Tog trek en bring hierdie almagtige en heerlike God ons tot naby aan hom. Hy wil dat ons in 'n verbond (vriendskap) naby Hom sal lewe. In Christus wil Hy vir ons 'n Vader wees wat ons elke dag deur sy liefde dra, maar Hy vra ook ontsag vir Hom en ontsag vir sy gebooie. Hy wil die pad saam met ons loop, maar dan moet dit 'n pad wees waar liefde en reg saamspan.

Om dit alles aan die volk duidelik te maak, laat God hulle bymekaar kom by die berg Sinaï. Hier verskyn Hy in sy heerlikheid aan hulle. Vir ses dae glinster sy heerlikheid *soos* "'n gloeiende vuur" (vs 17) in 'n wolk wat oor die berg hang. God roep selfs die leiers van die volk nog nader aan Hom – hulle moet hoër opklim en nader kyk. Ons lees in vers 10: "Hulle het die God van Israel gesien …" Geweldig! Heerlik! Moses en Josua moet selfs nog hoër klim en nader kom.

Vanaf Pinkster woon God die Heilige Gees in ons en lei Hy ons om naby die Vader in Christus te leef. Is dit nie wonderlik nie? Toets jou gesindheid met hierdie vraag: Het jy tegelyk ontsag en liefde vir God?

*Dr. Klasie Heystek (Emeritus)*